# PEOPLE AND NATURE

*Creating desirable futures for nature: The Nature Futures Framework*

*Die skep van wenslike toekomste vir die natuur: The Nature Futures Framework*

Laura Pereira, Kathryn K. Davies, Eefje den Belder, Simon Ferrier, Sylvia Karlsson-Vinkhuysen, HyeJin Kim, Jan J. Kuiper, Sana Okayasu, Maria G. Palomo, Henrique M. Pereira, Garry Peterson, Jyothis Sathyapalan, Machteld Schoolenberg, Rob Alkemade, Sonia Carvalho Ribeiro, Alison Greenaway, Jennifer Hauck, Nicholas King, Tanya Lazarova, Federica Ravera, Nakul Chettri, William W.L. Cheung, Rob J.J. Hendriks, Grigoriy Kolomytsev, Paul Leadley, Jean-Paul Metzger, Karachepone N. Ninan, Ramon Pichs, Alexander Popp, Carlo Rondinini, Isabel Rosa, Detlef van Vuuren, Carolyn J. Lundquist

Die natuur is onder druk. Gegewe die huidige ontwikkelings vooruitsigte , sonder aansienlike transformasies, is dit onwaarskynlik dat ons die welvarende toekoms sal bereik wat in globale volhoubaarheids teikens voorgestel word. Alhoewel baie navorsing die gevolge wat ons huidige optrede op die toekoms van die planeet sal hê, ondersoek word, is daar weinig werk oor wat die wensliker toekoms vir mense en die natuur kan behels. Hierdie beskrywings van die toekoms is belangrike instrumente vir besluitnemers en navorsers wat wil verstaan hoe keuses in die hede die transformatiewe verandering kan help om na 'n meer welvarende toekoms te beweeg.


Om hierdie leemte aan te spreek, het die inter-regerings, wetenskapsbeleidsplatform vir biodiversiteit en ekosisteemdienste (IPBES) kundige groep oor scenario's en modelle werk onderneem om saam gewenslike scenario's te skep wat nie net die verskeidenheid waardes wat die mens vir die natuur het, toon nie, maar is ook toepaslik in verskillende kontekste. Begin met 'n visie-werkswinkel in September 2017 met 'n uiteenlopende groep wêreldwye belanghebbendes in Nieu-Seeland, en in hierdie artikel word die navorsings proses van die ontwikkeling van die Nature Futures Framework (NFF) beskryf (Figuur). Die NFF is 'n driehoekspasie met elk van die hoeke wat een van die volgende waardeperspektiewe op die natuur voorstel:

● Natuur vir die Natuur, waarin die natuur waarde op sigself het;

● Natuur vir die Gemeenskap, waarin die natuur primêr gewaardeer word vir die voordele of gebruik wat mense daaruit put;

● Natuur as Kultuur, waarin die mens as 'n integrale deel van die natuur beskou word.

Die doel van die NNF is om 'n eenvoudige manier te bied om 'n komplekse mengsel van waardes vir die waardering van die natuur te illustreer. Dit is 'n uitvoerbare raamwerk om meer perspektiewe bloot te stel vir die skepping van natuur-scenario's, terwyl die konsekwentheid van modelle verseker word. Terwyl ons die volgende hoofstuk oor globale bestuur van biodiversiteit navigeer, lewer die NFF 'n unieke bydrae tot die verbetering van die wetenskaplike beleidsvlak. Maar dit kan nie 'n geïsoleerde poging wees nie, en daarom doen ons 'n beroep op die navorsingsgemeenskap om saam te werk om die raamwerk te toets en te verbeter, sodat ons saam kan beweeg na 'n meer hoopvolle toekoms vir mense en die planeet.




*Hoe die 7 wenslike visioene wat in die 2017-werkswinkel in Nieu-Seeland gegenereer is, die basis vorm van die Nature Futures Framework wat drie kernwaardes van die natuur uiteensit: die natuur vir die gemeenskap, die natuur vir die natuur en die natuur as kultuur. Hierdie waardeperspektiewe bou ook op die IPBES-leiding oor veelvuldige waardes vir die natuur. (Bron: eie skrywers en beelde van Mary Brake,*

*Reflection Graphics; Dave Leigh, Emphasize Ltd; Pepper Lindgren-Streicher, Pepper Curry Design).*

Plain language summary from article:
Pereira, LM, Davies, KK, den Belder, E, et al. Developing multiscale and integrative nature–people scenarios using the Nature Futures Framework. *People Nat*. 2020; 00: 1– 24. https://doi.org/10.1002/pan3.10146